AD 2021/32.3

CASE NO. 315/82

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

In the matter between:

THE STATE

v

1. THELLE SIMON MOGOERANE
2. JERRY SEMANO MOSOLOLI
3. THABO MARCUS MOTAUNG

ACCUSED 1, 2 and 3 sentenced to death by the Hon. Mr Justice CURLEWIS (and two ASSESSORS) at PRETORIA on 6 AUGUST 1982 for the crime of HIGH TREASON.

VOLUME 3

Pages 190 - 292

INDEX

VOLUME 3


| | Page |
|---|---|
| P. Hlomane (Herroep) | 190 - 191 |
| J.S. Adam | 191 - 192 |
| W. Kazina | 192 - 197 |
| L.M. Sehume | 197 - 199 |
| A.I. van Zyl | 199 - 202 |
| C. Scheepers | 202 |
| W.P. Minnaar | 202 - 208 |
| D. Kühn | 208 - 211 |
| M.Z. Zungu | 211 - 212 |
| J.P. Botha | 212 - 214 |
| W. Fourie | 215 - 225 |
| J.J. de Jongh | 225 - 229 |
| A. Sheto | 229 |
| Besprekings | 230 |
| A.W. Beila | 231 - 233 |
| A. Norval | 234 - 240 |
| R.H.L. Raven | 240 - 245 |
| J.H. Coetzer | 245 - 247 |
| G.M. Raboshakga | 247 |
| S.M. Malan | 247 |
| A.K. Menyako | 248 - 251 |
| D.J. Visagie | 251 - 253 |
| W. O'Reilly | 254 - 256 |
| R.J. Nghonyama | 256 - 260 |
| J. Malebe | 260 - 262 |
| W.P. Nel | 262 - 264 |
| A.H. Strydom | 264 - 265 |
| F.J. van Graan | 265 - 266 |


S. Mahlaola/...

INDEX


| | Page |
|---|---|
| S. Mahlaola | 266 - 270 |
| R.J. Potgieter | 270 - 272 |
| P. van Wyk | 272 - 280 |
| M.H. Golola | 280 - 282 |
| M.B. Moloise | 282 - 288 |
| M. Mongwane | 288 - 289 |
| G. Swanepoel | 289 - 290 |
| A.B. Venter | 290 - 292 |


-------------------

HOF HERVAT OP 9 JULIE 1982.

MNR. JACOBS VRA VERLOF OM SERSANT HLOMANE TE HERROEP.

PILATO HLOMANE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER : Sersant, kan jy net vir ons sê, die aand van die 3de, net voor hierdie aanval begin het, was daar enige koeëlgate of merke en skade aan enige van die geboue of motors aangerig gewees?

COURT : I thought this was admitted, but any way. -- Nee, daar was geen skade gewees nie.

COURT : It is perfectly proper, Mr Jacobs. My impression was, although it may not have been as clear as you would have liked, that that was one of the admitted facts.

MNR. JACOBS : Dit is so.

HOF : Maar miskien was dit nie so duidelik as wat u dit wou gehad het in die erkende feite nie. However, there has been no harm done.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : There has been evidence that there was a guard at the gate on the night of the attack.

COURT : That is Tembe, is it? -- Yes, it was.

Was it Tembe? -- Yes, it was Tembe.

MR UNTERHALTER : Can you tell us if that man was armed? -- He was issued with a weapon, but I do not know whether he had it with him at the gate, because I was in the charge-office.

Do they usually have a weapon when they stand guard at the gate? -- Yes.

COURT : Is this in agreement with your evidence or what you know of the matter?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Hy was gewapen?

MNR. JACOBS : Ja.

COURT : I am putting that bit of evidence in under that of

... / Mrs Macu

Mrs Macu, Mr Unterhalter. Apparently it is common cause, he had a weapon. What was it? A revolver?

MNR. JACOBS : Dit is 'n rewolwer.

GEEN VERDERE VRAE.

JOHN SHEARER ADAM, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en was verbonde aan Soweto se veiligheidsafdeling? -- Korrek.

U was ook die ondersoekbeampte in hierdie saak gewees? -- Dit is korrek.

Toe u op die toneel kom, was die fotograaf ook daar en u het sekere punte ook aan hom uitgewys ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Watter toneel nou? Ons het 'n hele klomp tonele.

MNR. JACOBS : By Moroka polisiestasie was u die ondersoekbeampte gewees? -- Dit is korrek.

HOF : Daar was 'n fotograaf? -- Adjudant-offisier Stoltz was alreeds daar.

MNR. JACOBS : U het die punte aan hom uitgewys en u het ook die waarnemings gedoen van die skade soos hy dit daar gevind en gefotografeer het? -- Dit is korrek.

HOF : Dit is alles in daardie foto's wat ons voor ons het as bewysstukke asook 'n plan en sleutel wat u opgestel het? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Die pamflette wat daar opgetel is deur lede van die Mag, het u op beslag gelê en is deel van hulle as BEWYSSTUK E -- Dit is korrek.

HOF : Kyk daar is BEWYSSTUK E? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Ons het nou net 'n paar by die hof. Was daar net so 'n paar opgetel of hoeveel was dit gewees? Was dit baie gewees -- Daar was 'n hele aantal.

Wat het van die ander geword? Hoekom is hulle nie by die

.../ hof

hof nie? -- Dit is ingehandig vir vingerafdrukondersoeke en daar vernietig met die proses.

Die doppies wat die lede daar opgetel het, die leë doppies, was dit ook aan u oorhandig? -- Dit is korrek.

Twee-en-dertig doppies was aan u oorhandig wat u oorhandig het aan sersant Young? -- Dit is korrek.

HOF : Dit is later ondersoek deur verskillende mense. Is dit reg? -- Dit is reg.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

HOF : Kaptein, toe jy daar aangekom het, ek wil net vra, was die lyk van konstabel Tembe, die wag, nog by die hek of was hy al klaar verwyder? -- Dit was reeds verwyder.

Kan u onthou, was hy op slag dood of is hy later in die hospitaal dood? Ek is nie seker wat die erkende feite behels nie. -- Sover ek weet was hy reeds dood toe hy by die hospitaal aankom.

Is that according to the admitted facts? I am not certain, because I have not read the facts carefully.

MNR. JACOBS : As ek reg onthou is hy in die hospitaal kort na sy aankoms oorlede.

GEEN VERDERE VRAE.

WILLOUPHY KAZINA, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Orlando Polisiestasie, in die distrik van Johannesburg? -- Dit is so.

Op 1 November 1979 het jy ongeveer 21h00 aan diens gerapporteer as aanklagkantoorsersant? -- Dit is so.

Saam met jou aan diens was die oorledene, konstabel Zibi? -- Dit is so.

Wat daar op die toneel oorlede is daardie aand? Hy het navrae gedoen. Is dit reg? -- Dit is so.

... / En

En ook was daar aan diens 'n konstabel Dyantjie? -- Hy was aan diens gewees.

En ook ander lede van die Mag? -- Dit is reg.

Was daar lede van die publiek daarso wat klagtes kom indien het en waarmee julle besig was om verklarings van te neem? -- Dit is korrek.

Op 'n stadium was jy uit die aanklagkantoor uitgeroep deur sekere van die lede van die Mag? -- Dit is so.

Wie het jou uitgeroep en waarheen het jy gegaan? -- Ek is deur 'n student/konstabel Musindane geroep.

Dit is die ander oorledene in die saak? -- Dit is korrek.

COURT : There was a photo. I seem to remember the name. Dit is in hierdie BEWYSSTUK B.

MNR. JACOBS : Foto's 46 en 47.

HOF : Dit was onderkant - een van die getuies het vir ons aangedui min of meer waar die plek sou gewees het waar hierdie man beswyk het. Is ek reg? Is my herinnering korrek?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

COURT : Do you remember, Mr Unterhalter, so that we all know what we are talking about.

MR UNTERHALTER : Yes.

MNR. JACOBS : As die Hof wil kyk na die plan, punte C en D. Die oorledene, Musindane, het jou kom roep en jy is toe uit die aanklagkantoor uit. Is dit reg? -- Dit is reg.

Waarheen is julle? Tot waar het julle geloop? Aan die straat se kant van die aanklagkantoor? -- Ons hêt buitekant voor die aanklagkantoor gaan staan.

Is dit aan die straatkant van die aanklagkantoor? -- Nee, nie na die straat se kant toe nie, na die selle se kant toe, want as 'n persoon uit die aanklagkantoor gaan, is die selle voor hom.

.../ HOF

HOF : Dit is reg, as 'n mens uitkom, loop jy na die selle toe? -- Dit is so.

Dit is so te sê die ander kant as die straat se kant? -- Dit is anderkant die gebou as die straat se kant.

MNR. JACOBS : So, die aanklagkantoor was toe tussen julle en die Straat? -- Dit is so.

Daar was ook 'n konstabel Mosibi wat jy toe daar gekry het? -- Ja, dit was hoekom ek eintlik geroep is. Musindane het kom kla oor wat Mosibi aan hom gedoen het.

Toe het jy daarso die ding tussen Mosibi en die oorledene Musindane opgelos?-- Dit is so.

Daarna het julle toe teruggestap na die aanklagkantoor? -- Net toe ek omdraai om na die aanklagkantoor toe te stap, het hulle gekom en die skietery het begin.

HOF : Mense het gekom? -- Ja, mense het gekom.

MNR. JACOBS : Was die skietery toe op julle gerig gewees, op julle groep daar? -- Ja, na ons wat buitekant gestaan het.

Wat het van Musindane geword en wat het van jou geword? Het julle saam gevlug of het julle uitmekaar gespat of wat het julle gedoen? -- Musindane en Mosibi en Sehume het weggehardloop in die rigting van die kombuis.

Die kaserne daar agter die aanklagkantoor? -- Ja, die kombuis langs die nuwe selle.

HOF : Weet jy of Musindane getref was daar naby waar julle gestaan het? -- Ek neem so aan, want toe die skietery begin, het hy weggehardloop en daar naby die kombuis het hy neergesak en geval.

Het jy hom later daar gekry waar hy geval het? -- Ja, na die offisiere gekom het, het ons soontoe gegaan en ons het hom daar gevind.

Was hy alreeds dood? -- Hy was alreeds dood.

... / What

What picture is that now?

MR JACOBS : 46 and 47.

En jy, wat het jy gedoen? -- Ek het in die aanklagkantoor ingehardloop.

En toe? Wat doen jy toe jy in die aanklagkantoor kom? -- Ek het gaan wegkruip daarso.

Het jy daar deur 'n venster geloer op 'n stadium? -- 'n Rukkie na die skietery gestop het, het ek deur 'n venster geloer en ek het drie mense gesien weghardloop.

Wat het hulle by hulle gehad? -- Hulle het vuurwapens gehad.

Kyk na BEWYSSTUK 1. Is dit daardie soort vuurwapens wat hulle gehad het? -- Soortgelyk aan BEWYSSTUK 1, want hulle het die wapens so oor hulle skouers gedra.

Het jy lateraan uitgevlug - terwyl jy in die kantoor was, het iemand daar aangekom? -- Dyantjie.

Het hy toe iets makeer? -- Hy was in sy been, in die regterknie geskiet en hy het mank geloop. Die ander oorledene het toe op 'n staal trommel wat in die aanklagkantoor is, gelê.

Dit is konstabel Zibi? -- Dit is so.

Het jy gesien toe hy ingekom het of het jy hom reeds daar gekry toe jy by die aanklagkantoor inkom? -- Hy het voor my die aanklagkantoor binnegegaan. Hy het ook weggehardloop en toe het hy op die trommel geval.

HOF : Was hy dood? -- Hy het nog asem gehaal. Hy is later in die hospitaal oorlede.

Het jy gesien waar is hy gewond? -- Sy bors aan die regterkant was vol bloed gewees.

Waar is hierdie trommel op die plan? Ek het so 'n idee dit was hier in kamer nr. 8. Is dit reg?

MNR. JACOBS : Dit is reg. Die tweede kamer.

... / HOF

HOF : Jy weet, sersant, daar is twee kamers daar wat die hele aanklagkantoor uitmaak. Waar die publiek ingaan is een plek en waar julle sit, die polisie, agter die tafel is anderkant? -- Ja, dit is so.

Daar is 'n trommel in kamer nr. 8? Dit is waar hierdie man gelê het. -- Die trommel was direk agter my sitplek gewees in daardie kamer.

Ek wil net dit weet, dit is waar hy gelê het, Zibi? -- Ja.

By watter kamer het u ingegaan? In daardie een waar Zibi gelê het of die ander een waar die publiek ingaan? Dit is al wat ek wil weet. -- In die tweede kantoor waar ons skryf.

Dit is nou waar Zibi sou gelê het? -- Dit is so.

MNR. JACOBS : Ek wil hê jy moet kyk na foto 28 in BEWYSSTUK B. Is dit die trommel waarna jy verwys waar Zibi gelê het? -- Dit is so.

En daardie is die bloed van Zibi wat daar so lê? -- Dit is Zibi se bloed wat daar lê.

Toe jy uitgegaan het, het Dyantjie en jy saam uitgegaan daarna?

HOF : Na alles oor was? -- Ek het saam met hom uitgegaan, maar ek het hom toe aangeraai om terug te gaan, want hy het so mank geloop. Die rede van die uitgaan was om ondersoek te gaan instel daar agter, want ek het gehoor daar is 'n groot ontploffing soos 'n bom of 'n handgranaat aan die agterkant. Ek het gaan kyk of ek nie miskien daardie persoon sal teëkom nie.

MNR. JACOBS : Wou hy saam met jou gaan, maar toe sê jy vir hom hy moet sit daarso? -- Dit is so en toe het hy gaan sit.

Hulp het later toe daar opgedaag. Is dit reg? -- Later het hulp gekom.

Was enige ander polisiemanne nog gewond behalwe dié wat dood is en Dyantjie? -- 'n Persoon wat daar op 'n stoel gesit het,

... / was

was gewond. Dit is 'n persoon wat daar gekom het om 'n klagte te kom lê.

Een van die lede van die publiek was ook gewond? -- 'n Lid van die publiek.

Was die skade aan enige van die geboue of voertuie daar voor die aanval? -- Ja, die gebou was beskadig. Die gebou was geskiet asook die voertuie wat agter in die aanklagkantoor se perseel geparkeer was.

HOF : Met hierdie voorval? -- Met hierdie voorval.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

COURT : What sort of arms did you have? On you? -- I was not armed.

Dyantjie? -- Dyantjie was also not armed. Only the gate guards were armed.

Dyantjie was not armed and Zibi? -- Zibi was also not armed.

Musindane? -- Musindane was not yet authorised to carry a fire-arm. I did go after this incident and issued Dyantjie with a fire-arm, after the shooting.

Who were the guards that night on the gate? Can you remember? -- It was Mbatha and Lekondeni.

Did you see them? -- I saw them after the shooting. They had left at the time, gone out investigating a complaint.

Mr Unterhalter, any questions?

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : What was the arms that the gate guards carried? -- If I am not mistaken they were issued with R1's.

In other words guns? -- Yes, rifles.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

LESETTANE MICHAEL SEHUME, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Die aand van die aanval daar

... / op

op die Orlando Polisiestasie was jy daar by die polisiestasie gewees? -- Ek was aan diens gewees.

COURT : Your name is not Dyantjie? -- No, it is Sehume.

MNR. JACOBS : Was jy die aand kort voor hierdie aanval begin het die betrokke aand, was jy buitekant die aanklagkantoor in die agterkant saam met die vorige getuie, die sersant en saam met Musindane, die oorledene, toe daar 'n gesprek plaasgevind het oor sekere moeilikheid tussen Musindane en Mosibi? -- Dit is so.

Terwyl julle nou daar gestaan het buitekant die aanklagkantoor, wat het gebeur? -- Ek het onmiddellik skote gehoor wat gevuur word en die mense het rondgeskiet daar.

Is daar na julle toe geskiet? -- Ja, ons was geskiet.

En jy, wat het jy toe gedoen toe hierdie skote nou kom? Sê net eers vir die Hof, was jy gewapen op daardie stadium? -- Ek was gewapen.

Wat se wapen het jy gehad? -- .38.

HOF : Rewolwer? -- Ja, 'n rewolwer.

MNR. JACOBS : Waar was dit gewees? -- Dit was in die houer gewees.

Toe hierdie skote op julle gevuur word, wat doen julle toe? -- Ons het weggehardloop. Ons het in die rigting van die kaserne, van die menasie gehardloop. Daar is 'n klein hekkie om by uit te gaan.

HOF : Dit is nou agter.

MNR. JACOBS : Wie het weggehardloop? Wie is die "ons"? -- Ek, die oorledene Musindane en Zibi - Mosibi, ek is jammer.

Was Musindane voor of agter jou? -- Toe ons by die hek uitkom het hy geval en ek het oor hom gespring. Toe het hy my weer langs die pad verbygehardloop. Toe het hy weer geval en toe is ek in 'n ander koers in.

... / HOF

HOF : Dit is Musindane waarvan jy praat? -- Dit is so.

MNR. JACOBS : En daar waar hy die tweede keer geval het, het jy hom toe lateraan weer daar gesien? Is dit waar hy dood is? -- Ek het hom later weer daar gesien.

En toe was hy reeds dood daar? -- Toe was hy reeds dood gewees.

Toe julle so gehardloop het, was daar toe nog op julle geskiet, toe hy geval het die eerste keer? -- Dit is so.

Het jy op enige stadium terwyl jy weggehardloop het jou rewolwer uitgetrek of jou pistool en geskiet op die mense? -- Eers na ek weggekruip het agter die gebou, het ek die kans gekry om my vuurwapen uit te haal en toe het ek in hulle rigting geskiet.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

THAMI GOODENOUGH DYANTJIE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Die aand met die aanval op die polisiestasie by Orlando, was jy ook daar teenwoordig gewees buitekant en was jy gewond gewees?-- Dit is so.

Was jy by die sersant gewees, het julle buitekant gestaan en die oorledene, toe die aanval begin? -- Dit is so.

Waar was jy gewond gewees? -- Net bokant die knie van die regterbeen.

Hoeveel koeëls het jou getref? Hoeveel wonde het jy gehad? -- Dit was vier wonde gewees.

Was jy in Baragwanath Hospitaal opgeneem gewees? -- Ek was daar opgeneem.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

ANDRIES IGNATIUS VAN ZYL, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n sersant in die Suid-

... / Afrikaanse

Afrikaanse Polisie gestasioneer te Radiobeheer, Brixton? -- Dit is korrek.

Op 1 November 1979, 'n Donderdagaand, het u 'n berig ontvang en toe is u na Orlando Polisiestasie toe? -- Dit is korrek.

Toe u daar aangekom het, het u die oorledene Zibi daar aangetref in die aanklagkantoor van die polisie waar hy gelê het op die trommel en gewond was? -- Dit is korrek.

Daarna het u gegaan op ondersoek op die perseel daarso? -- Dit is korrek.

Waarheen het u gegaan? -- Ons het deurgestap en agter die menasie het ons nog 'n Swarte gekry.

HOF : Dit was nou Musindane? Konstabel Musindane wat agter gelê het? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Hy was toe reeds dood toe julle daar by hom kom. Is dit reg? -- Hy was reeds dood gewees.

Het u toe verder daar die toneel ondersoek? -- Ons het verder die toneel ondersoek.

Daar is 'n stoorkamertjie aan die grensdraad net oorkant die grensdraad van die polisiestasie, daar by punte F en G? -- Dit is korrek.

Het u die toneel daar ondersoek en het u enigiets daar gevind? -- Ons het die toneel daar ondersoek en vier geweerdoppies en 'n handgranaatveiligheidsring opgetel daar.

Dit is BEWYSSTUK 8 hier by die Hof. -- Dit is korrek.

HOF : Is dit die ring? -- Dit is die ring.

MNR. JACOBS : Die doppies is deel van BEWYSSTUK 5. -- Dit is korrek.

Wie was saam met u toe u daar ondersoek ingestel het? -- Konstabel Scheepers was saam met my gewees.

Het hy toe ook enigiets daar opgetel in u teenwoordigheid? -- 'n Rompdeksel van 'n AK geweer.

... / HOF

HOF : Ons het dit alreeds gehad. Dit was BEWYSSTUK 7.

MNR. JACOBS : En dit was alles in die omgewing van die kamertjie daar? -- Dit is korrek.

Het u toe op pad terug na die aanklagkantoor ook iets opgetel? -- Ek het ook 'n rompdeksel opgetel van 'n AK.

BEWYSSTUK 6.

HOF : Waar was hy? Ek kan dit nie mooi onthou nie.

MNR. JACOBS : Ek wil hê u moet kyk na daardie plan? -- Net agter die tydelike geboue, tussen die nuwe geboue was hy opgetel gewees.

HOF : Een rompdeksel is G. Almal daar in die omgewing. Handvatsel en so aan. Daar was 'n handgranaat opgetel by E. Is dit reg?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Wie het dit opgetel? Ek kan nie meer mooi onthou nie.

MNR. JACOBS : Nee, ons verwar nou met Moroka. By Moroka was die handgranaat opgetel.

HOF : Wat was hierdie E dan?

MNR. JACOBS : E dink ek is 'n gat waar 'n ontploffing was.

HOF : Ontploffing? O, ek sien. Ja, dit is so handgranaat-ontploffing. Have you got that? It is number 48 op die sleutel.

MNR. JACOBS : Kan u net min of meer vir die Hof wys waar? -- Dit was tussen die nuwe gebou en die selle.

As ek hom net kan beskryf, in daardie gangetjie onder punt B. -- (Getuie maak kruisie op plan)

HOF : Het die sersant ook hierdie handvatsel opgetel daar by H?

MNR. JACOBS : Dit is iemand anders wat dit opgetel het.

U het die een opgetel wat nou voor die Hof is as BEWYSSTUK 6 wat u daar aangedui het met 'n merk? -- Dit is korrek.

U het die rompdeksel en die doppies wat u opgetel het wat deel van die bewysstukke is en die ringetjie, het u alles

... / gegee

gegee aan die ondersoekbeampte, adjudant-offisier Kühn? -- Ek het dit daar in die klagtekantoor gelos.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

CHRISTO SCHEEPERS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U was 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Radiobeheer, Johannesburg? -- Korrek.

U is tans nie meer in die polisie nie? -- Ek is terug in die polisie.

Op die aand van 1 November 1979 het u saam met die vorige getuie gegaan na Orlando Polisiestasie? -- Dit is korrek.

Op 'n stadium is julle uit daar aan die agterkant om ondersoek daar te doen? -- Dit is korrek.

En daar gekom naby die draad en by 'n heining tussen die polisiestasie en die Bantoe-Administrasieraad se perseel en daar by die stoor wat aangedui word op die plan, BEWYSSTUK B.

HOF : Wat het hy opgetel?

MNR. JACOBS : Die rompdeksel.

HOF : Die rompdeksel naby die stoor? -- Dit is korrek.

Dit sal BEWYSSTUK 7 wees. Is dit wat u opgetel het? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Dit is oorhandig en beskikbaar gestel aan die ondersoekbeampte en dit is nou voor die Hof? -- Dit is korrek.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

WILLEM PETRUS MINNAAR, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Is u 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en verbonde aan die veiligheidsafdeling? -- Korrek.

U was behulpsaam met die ondersoek van hierdie saak van

... / die

die aanval op die Orlando Polisiestasie? -- Dit is korrek.

Het u na die aanval op Orlando die toneel gaan besoek? -- Korrek.

Kan u net vir die Hof sê, op daardie stadium, die klagtekantoor en die deel, waaruit het dit bestaan? Was dit sink? -- Dit was 'n tydelike asbesgebou.

Dan was daar 'n nuwe gebou in aanbou wat naby dit was en wat hier op die plan aangedui word? -- Korrek.

Ek wil net hê u moet vir ons die opset beskryf daar voor die aanklagkantoor. Ek noem dit nou voor, as daar 'n straat is, aan die straat se kant. Tussen die aanklagkantoor, daardie reeks geboue wat daar aangedui word en die straat, was daar 'n afkamping gewees? -- Nee.

'n Draadafkamping, 'n omheining om daardie deel? -- Aan die voorkant nie.

So, 'n mens kon direk van die straat af enige plek na die polisiestasie toe gaan sonder om by 'n hek in te gaan? -- Dit is korrek.

Ons het nou nie heeltemal duidelikheid nie. Die polisiestasie se perseel met die nuwe geboue en die menasie en al daardie dinge, grens dit aan 'n perseel van die Bantoe-Administrasie? -- Korrek, aan 'n perseel van die Bantoe-Administrasie en 'n kliniek.

HOF : Is dit nou wat ons altyd genoem het agter? -- Korrek.

MNR. JACOBS : Daardie stoor is eintlik langs die grensdraad tussen die twee persele wat daar op die plan aangedui word as "stoor"? -- Dit is korrek.

By punte F en G? -- Dit is korrek.

Dit staan op die Bantoe-Administrasieraad se gebied? -- Dit is korrek.

Daardie spesifieke stoor, het u hom daar ondersoek? Het u

... / iets

iets gesien aan hom? -- Ja, ek het gemerk dat dit beskadig was.

HOF : Dit sou nommers 55 en 56 wees. Is dit die een waar een getuie gedink het dat daar iets op die dak gegooi was en 'n ontploffing daar veroorsaak het wat deurgedring het en hierdie skade veroorsaak het? -- Dit is so.

Is dit wat u ook gedink het? -- Korrek.

MNR. JACOBS : Daar by die stoor, het u daar in die omgewing ondersoek ingestel en enigiets daar gevind? -- Ja. Ek het op die perseel van die kliniek, dit is feitlik in lyn met hierdie stoorkamer, twee gate in die grond gevind wat vermoedelik deur ontploffings veroorsaak was. Ek het ook by hierdie gate ongeveer 'n meter van elk van hierdie gate drie handgranaathandvatsels opgetel.

HOF : Sou dit by H gewees het?

MNR. JACOBS : Ek dink die getuie is op die oomblik verwar hierso. Kyk, by die stoor, wat het u daar opgetel? -- Ek het twee handgranaatringetjies opgetel.

Is dit BEWYSSTUK 4 hier by die Hof? -- Dit is korrek, op die perseel van die stoor.

HOF : Dit is ringetjies? -- Dit is korrek.

Dit is nou nie die handvatsels waarvan ons nou gepraat het nie? -- Korrek.

Daardie ringetjies is BEWYSSTUK?

MNR. JACOBS : BEWYSSTUK 4.

Ek wil hê u moet kyk na BEWYSSTUK B foto 52. Daar lê nog een van die ringetjies afgeneem op die toneel? -- Dit is korrek.

U het ook verder twee verdere gate gevind waar handgranate ontplof het. Ek wil hê u moet kyk na BEWYSSTUK B foto's 50 en 51 -- Dit is korrek.

Ongeveer 'n meter van hierdie twee gate af, het u iets daar

... / opgetel

opgetel? -- Ek het twee handgranaathandvatsels daar opgetel.

COURT : Have you got that, Mr Unterhalter? The "ontploffing" places are J1 and J2 that we were being given evidence about and H are the "handvatsels".

MR UNTERHALTER : Yes.

MNR. JACOBS : BEWYSSTUK 3 hier by die Hof. Is dit die handvatsels wat u opgetel het? -- Dit is korrek.

Twee handvatsels en ongeveer vier meter verder vanaf hierdie twee handvatsels het u 'n verdere een opgetel? -- Dit is korrek, teen die kliniek se muur.

HOF : Is dit ook deel van BEWYSSTUK 3?

MNR. JACOBS : Deel van BEWYSSTUK 3. Daar min of meer almal in dieselfde omgewing? -- Korrek.

Hierdie ontstekers het nommers op - nie ontstekers nie, handvatsels. Hulle het nommers op? -- Hulle het elkeen 'n nommer op.

Ons het hulle ingehandig met die nommers op. Kan u dit miskien daarvanaf uitlees vir die Hof? -- 101-76 Y 3 P dan lyk dit soos FM 583.

HOF : Is dit nou een handvatsel? -- Dit is een van die handvatsels.

En dan die ander een? -- 14-77 Y 3 P en dan lyk dit weer soos 'n FM.

Het hy nie 'n nommer agter die M nie? Die een het jy gesê het 583 agter die M, dit lyk so. -- Nee, hy het dit nie op nie.

So hierdie een het net P, dan iets wat soos 'n F lyk en dan M? -- Dit is korrek.

En die ander een? -- Die derde een sal wees 69-75 Y 3 P dan weer die letter wat lyk soos 'n F en 'n M. Dit is al.

MNR. JACOBS :

U het ook hierdie handvatsels aan die ondersoekbeampte, adjudant-offisier Kühn oorhandig? -- Dit is korrek.

... / Hierdie

Hierdie is die handvatsels wat u daar opgetel het? -- Dit is korrek.

U het ook leë doppies daar opgetel wat u ingehandig het en wat ook deel vorm van BEWYSSTUK 5 hier by die Hof? -- Dit is korrek.

HOF : Ook daar by die stoor? -- Dit was aan die voorkant.

By die voorkant van die polisiestasie daar by die aanklagkantoor? -- Dit is reg.

Dit maak deel uit van BEWYSSTUK?

MNR. JACOBS : BEWYSSTUK 5. U het ook verskillende doppies daar ontvang van lede van die Mag wat dit daar opgetel het? -- Dit is korrek.

Op die 2de ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Voordat u weggaan. U het gepraat van twee ringetjies. Onthou u? -- Dit is korrek.

Dit is BEWYSSTUK 4. Mnr. Jacobs, ek wil net duidelikheid kry, is dit M en L op die plan. U het die getuie gevra in verband met 'n foto nommer 52. U het dit vir hom gewys. Ek wil net weet- toe daar gepraat is van hierdie foto was daar gewys na M. Ek wil net weet of die getuie kan onthou waar hy daardie twee ringetjies opgetel het. Kyk na die plan daar. Kan u sien M en L? Dit is net 'n bietjie voor die kliniek. -- Dit is korrek. Dit is waar 'n mens by hierdie Administrasieperseel ingaan, Bantoe-Administrasieperseel waarop die beskadigde stoorkamer is. Heel aan die begin waar 'n mens inkom is daar 'n hek met 'n draad. Daar is redelike lang gras. Dit het daar gelê.

MNR. JACOBS : Op 2 November 1979 het u en speurder adjudant-offisier Kühn die lykskouing van wyle student/konstabel Zibi bygewoon? -- Dit was konstabel Zibi as ek reg onthou.en student/konstabel Musindane.

... / HOF

HOF : Het u beide bygewoon? -- Korrek.

MNR. JACOBS : Beide was gehou deur dr. Kemp? -- Dit is korrek.

En was u teenwoordig toe die lykskouing op Zibi uitgevoer was? Was u daar teenwoordig? -- Ek was teenwoordig.

Het dr. Kemp daar enigiets verwyder uit die liggaam van Zibi en aan u oorhandig? -- Ja. Hy het 'n koeëlpunt of 'n gedeelte van 'n koeëlpunt aan my oorhandig.

En die omhulsel? -- Dit is korrek.

Is dit BEWYSSTUK 21 voor die Hof? -- BEWYSSTUK 21.

BEWYSSTUK D, die pamflet - was dit daar op die toneel aan u oorhandig met die ondersoek wat u daar gedoen het? -- Dit is korrek.

HOF : Is dit een pamflet wat u daar gekry het of meer? -- Dit was meer.

Was dit 'n hele klomp of net vier? -- Daar was net vier as ek reg onthou.

MNR. JACOBS : Daardie hele bladsy, hoeveel pamflette is op daardie hele bladsy? -- Vyf.

HOF: Kan u onthou of daar meer was of het u net vyf daar gekry of opgetel? -- Daar was net vyf aan my oorhandig.

MNR. JACOBS : En u het dit ook oorhandig aan ... -- Die mede-ondersoekbeampte adjudant-offisier Kühn.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : Captain, in respect of the what have been described as the "handvatsels", EXHIBIT 3 picked up at point H, plan 56A, you read out certain numbers in respect of that. I take it you have got no independent recollection that the ones that you picked up did have those numbers? -- Kan die vraag net in Afrikaans aan my gestel word?

HOF : Die vraag is dit. Daardie nommers wat u nou vir ons uitgelees het, dit is BEWYSSTUK 3, kyk maar net weer na die handvatsels, u het gesê dit is nou nommers so en so. --

... / Dit

Dit is korrek.

Daardie nommers wat u nou vir ons gegee het, is wat u nou uitlees? -- Dit is korrek.

U het nie 'n herinnering van jare terug wat dit was op hierdie stadium nie? -- Nee, behalwe dat ek 'n nota daarvan gemaak het in my verklaring.

O, jy het? -- Ek het.

MR UNTERHALTER : Was this written into a notebook did I understand you to say?

COURT : Verklaring, statement.

MR UNTERHALTER : Oh, it is inyour statement? -- Dit is korrek.

HOF : Daardie nommers het u destyds in 'n verklaring ingeskryf? -- Dit is korrek.

MR UNTERHALTER : But, of course, if you were just asked ordinarily even now to give the numbers, you could not obviously remember it without refreshing your memory? -- Dit is korrek. Ek sal dit eers in my verklaring moet nagaan.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

DANIE KüHN, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n speurder adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die veiligheidstak Soweto? -- Dit is korrek.

U is die ondersoekbeampte in hierdie saak? -- Dit is korrek.

U het die toneel daarso besoek te Orlando na die aanval - die gewapende aanval op die Orlando polisiestasie? -- Dit is korrek.

U het daar sekere waarnemings gedoen en uitwysings gedoen van punte aan die fotograaf om foto's te neem? -- Dit is korrek.

Wie is hy? -- Kaptein Behr.

En die foto's is hier by die hof as BEWYSSTUK B? -- Dit is

... / korrek

korrek.

HOF : Foto's 22 tot 56? -- Dit is korrek.

Dit is plekke wat u uitgewys het en plekke wat u daar gesien het? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Op 'n sekere punt - kyk, ek skakel nou baie van die getuienis uit, u moet net goed dink, was daar 'n plek waar 'n handgranaat ontplof het waar u sekere skrapnelplekkies gevind het? -- Dit is korrek. Dit was op die perseel van Orlando polisiestasie.

Waar is dit? -- Aan die westekant.

Kan u dit net aandui op daardie plan? -- Ongeveer by punt E in daardie omgewing.

By daardie ontploffingspunt ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Daar is ook 'n foto daarvan, dit is nommer 48. -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Daar het u - wat het u daar gevind waar daardie ontploffing plaasgevind het? -- Metaalstukkies.

Skrapnel? -- Skrapnel.

Het u dit opgetel? -- Ek het dit opgetel en later aan mnr. Botha, die plofstofdeskundige getoon.

Is dit hulle hierdie by die hof? -- Dit is korrek.

BEWYSSTUK 18. Langs die stoorkamer daarso wat by die Bantoe-Administrasieraad is, het u daar iets opgetel? -- 'n Handgranaatringetjie.

Dit is BEWYSSTUK 20 voor die Hof? -- Dit is korrek.

Het u enige doppies daar opgetel? -- Ek het daar ook doppies opgetel.

Deel van BEWYSSTUK 5? -- Dit is korrek.

HOF : Is mnr. Kühn die persoon wat daardie handvatsels by H ontvang het van die vorige getuie?

MNR. JACOBS : Dit is reg.

... / HOF

HOF : BEWYSSTUK 3? -- Dit is korrek. Ek het dit ontvang.

Daar blyk 'n mate van twyfel by mnr. Unterhalter te wees of dit werklik dit is wat daar opgetel is. Is dit u wat dit ontvang het van die vorige getuie? -- Kaptein Minnaar.

MNR. JACOBS : U het ook van ander lede van die polisiemag, eerste van majoor Van Rooyen wat gister hier getuig het, 'n AK47 patroon wat ons gister reeds ingehandig het, ontvang. U het dit in bewaring gehou en u het dit nou voor die hof? -- Dit is korrek.

BEWYSSTUK 19. -- Dit is so.

Dan het u doppies nog van ander lede ontvang wat u bygevoeg het by BEWYSSTUK 5 hier voor die Hof? -- Dit is korrek.

Dan die twee handgranaatringetjies het u ontvang vanaf luitenant Minnaar waaroor hy hier getuig het, BEWYSSTUK 4 voor die hof. U het dit ontvang en gehou? -- Dit is korrek.

U het dit ook later beskikbaar gestel, al hierdie goed wat op die toneel opgetel was, aan ... -- Die plofstofdeskundige, sersant Botha.

HOF : Wat is BEWYSSTUK 8?

MNR. JACOBS : Ek kom nou by hom. BEWYSSTUK 8 is nog 'n verdere ringetjie wat u ontvang het van lede van die Mag daarso in die algemeen? -- Op die toneel.

Kyk net daar na BEWYSSTUK 8? -- Dit is korrek.

HOF : En BEWYSSTUK 7 is 'n rompdeksel. Het u dit ook .. -- Ek het dit ook op die toneel van lede van die Mag ontvang.

En BEWYSSTUK 6, kyk 'n bietjie daarna. Het u dit ook daardie aand ontvang? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Beide, BEWYSSTUKKE 6 EN 7 is rompdeksels? -- Dit is so.

Is dit wat Van Zyl en Scheepers daar gekry het? -- Dit is korrek.

... / Op

Op 2 November 197o was u teenwoordig toe daar 'n regsgeneeskundige lykskouing uitgevoer was op die oorledene Zibi deur dr. Kemp? -- Dit is korrek.

En die vorige getuie, kaptein Minnaar, was ook teenwoordig gewees? -- Hy was teenwoordig.

HOF : BEWYSSTUK 21, is dit die stukkie koeëlpunt wat verwyder is van Zibi? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Dit is aan Minnaar oorhandig en toe direk aan jou, maar dit is in jou teenwoordigheid uitgehaal? -- Dit is korrek.

Hierdie doppies - al die doppies wat daar ontvang was op die toneel het u dit persoonlik geneem? -- Ek het dit persoonlik geneem na die ballistiese ondersoekafdeling en dit oorhandig aan adjudant-offisier Wolmarans.

Dit was op 9 November 1979? -- Dit is so.

En ook BEWYSSTUK 21 het u aan hom oorhandig?

HOF : Dit is die koeëlpunt? -- Dit is korrek.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

HOF VERDAAG VIR TEE. HOF HERVAT.

MOSES SIPHO ZUNGU, v,o,e, (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Op 1 November 1979 het jy die aand gegaan na Orlando Polisiestasie om 'n klagte van roof te gaan lê? -- Dit is so.

Daar in die kantoor wat as die aanklagkantoor vir die publiek gebruik word, het jy gewag sodat 'n verklaring van jou geneem kon word? -- Ek het daar gewag.

Terwyl u daar gewag het, het daar skielik iets gebeur? -- Dit is so.

Wat het gebeur? -- Dit was so 'n klein kamertjie gewees waarin ons was en daar was 'n hele ontploffing gewees en ons het

... / seergekry

seergekry.

Skote van gewere? -- Ja, ek dink so want van die goed het so deur die sinkplate na binne gekom.

Het jy geweet waar kom hierdie koeëls vandaan? -- Ek het nie geweet nie.

Was jy gewond gewees? -- Ek was gewond.

Is jy hospitaal toe? -- Dit is so.

Waar was jy gewond? -- Op die been onder, linkerbeen.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

JOHANNES PETRUS BOTHA, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die veiligheidstak Pretoria? -- Korrek.

Is u 'n deskundige op die gebied van plofstowwe en wapens en ammunisie? -- Dit is korrek, sowel as presant ammunisie.

Is u aangestel kragtens artikel 2(5) van Wet op Ontplofbare Stowwe, Wet 26 van 1956 as 'n inspekteur? -- Dit is korrek.

Hoeveel ondervinding het u as plofstofdeskundige? -- Meer as vier jaar op die oomblik.

Op 2 November 1979 het u die toneel te Soweto - Orlando Polisiestasie, Soweto in die distrik Johannesburg besoek? -- Dit is korrek.

Wat het u daar gedoen? -- Aan die noordekant van die polisiestasie is 'n ontploffingstoneel deur speurder adjudant-offisier Kühn aan my uitgewys.

U het al daardie tonele besoek. U kan maar begin by 'n punt. -- Dit is punte F, G en J aan die noordekant van die polisiestasie.

HOF : Ek sou sê dit is eintlik die westekant van die polisiestasie. Ek weet nie of dit korrek is nie, maar in elk geval u

... / sê

sê in daardie omgewing? -- Korrek.

Wat het u daar gekry? -- Buite die omheining was daar twee ontploffingstonele wat ek gevind het. Dit was een RGD5 handgranaat wat ontplof het en een defensiewe F1 handgranaat. Dit is beide van Russiese afkoms.

MNR. JACOBS : Die eerste punt wat u besoek het, is daar by punte J1 en J2 op daardie plan? -- Korrek. Die tweede toneel- die twee was baie na aanmekaar - punt G daar by die stoor bo-op die stoor se dak het 'n F1 ontplof bo-op die dak. Daar was nie vreeslik baie skade nie en 'n verdere een in die binnekant van die polisiestasie, ook 'n F1.

Op hierdie punt waar die laaste een aan die binnekant van die polisiestasie ontplof het, dit is punt E op die plan? -- Punt E.

HOF : Watter kamer sou dit wees?

MNR. JACOBS : Punt E van die onderste plan, die terreinplan.

HOF : O ja, nee, ek is verwar deur die feit dat hy gesê het binne-in die polisiestasie. Hy bedoel nou in vergelyking met die van die Bantoe-Administrasieraad. -- Korrek.

So, by E was daar ook 'n ontploffing? -- Korrek.

MNR. JACOBS : Het mnr. Kühn by daardie punt skrapnel wat daar uitgekom het aan u oorhandig en het u dit besigtig, BEWYSSTUK 18 voor die hof? -- Dit is die skrapnel.

HOF : Het u dit ondersoek? -- Ja.

Is dit wat u sê eintlik 'n F1 was? -- 'n F1 handgranaat.

MNR. JACOBS : Hierdie ontstekershandvatsels wat hier voor die hof is, BEWYSSTUK 3, was dit ook daar op die toneel vir u getoon? -- Dit is korrek. Dit is deur adjudant-offisier Kühnaan my

Kan u net meer sê omtrent hierdie - ons het al getuienis daaroor - maar ek dink u gee vir ons 'n bietjie meer inligting oor hierdie handvatsels. Wat is die handvatsels hierdie? --

.../ Die

Die boonste een en die onderste een is twee RGD5 handvatsels en die middelste een 'n RG42, maar hulle kan na willekeur op die handgranate gebruik word. Dit is nie te sê dat as ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Maar jy kan dit nie op 'n F1 gebruik nie? -- Jy kan, na willekeur.

Op 'n F1 ook? -- Ook op 'n F1.

MNR. JACOBS : Ek wil hê u moet kyk na die ringetjies, BEWYSSTUKKE 4, 8 EN 20. Wat se ringetjies is dit? -- Dit is veiligheidspenringetjies, standaard uitrusting by al die verskillende ontstekermeganismes.

U het nou gesê dat hierdie handgranate, F1 en RGD 5, waar word hulle vervaardig? -- Dit is van Russiese oorsprong.

Het u dit al voorheen gekry in sake van hierdie aard? -- Dit is korrek.

HOF : Het u voorheen in hierdie tipe ANC sake getuig? -- Ja.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : No questions.

GEEN VERDERE VRAE.

MNR. JACOBS : Ons gaan nou oor na die New Canada deel van die verhoor. Ek het gereël dat my kollega die deel van die getuienis sal lei. Met u verlof kan ek dan afstaan dat hy oorneem?

HOF : Ja, natuurlik. Kan ek net helderheid kry. Ek weet u slaan nou oor na 'n ander faset van die ding. Moenie vergeet nie, daar was 'n sekere mnr. Grobler.

MNR. JACOBS : Ek wil net die insidente afhandel. As my geheue reg is, gaan mnr. Grobler ook getuienis gee oor die basisse wat gevind is.

HOF : Ons het 'n herinnering, My Geleerde Assessore en ek dat 'n mnr. Grobler betrokke was by Moroka.

MNR. JACOBS : Dit is reg.

HOF : Ek meen, dit is nie belangrik nie. Ek het gedink hy het

... / maar

maar net sekere dinge ontvang, maar hy sal mettertyd kom?

MNR. JACOBS : Dit is korrek.

WIETS FOURIE, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. PISTOR: Kaptein, u is in die spoorwegpolisie as kaptein? -- Dit is korrek.

Hoe lank diens het u in die spoorwegpolisie? -- Twaalf en 'n half jaar.

U is ook 'n plofstofdeskundige, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Hoe lank ondervinding? -- So vyf jaar.

Dit is gemene saak dat op die aand van 24/25 Mei 1981 was daar 'n ontploffing op die spoorlyn tussen New Canada en Mzimhlope? -- Dit is reg.

En was daar ook plofstof gevind op die spoorlyn tussen New Canada en Mlamlamkunzi? -- Dit is reg.

U het gedurende die vroeë oggendure van 25 Mei 1981 beide van hierdie tonele besoek? -- Dit is korrek.

U het eerste besoek afgelê by die toneel waar die plofstof gevind was wat nie ontplof het nie? -- Dit is reg.

Dit is op die spoorlyn soos ek gesê het tussen New Canada en Mlamlamkunzi? -- Dit is korrek.

Sal u net kyk daar na die plan, deel van BEWYSSTUK B, die heel laaste kaart daar. Ek wil vra dat u eers kyk na die terreinplan, die "locality plan" soos dit daarop aangedui is. Die plek waarvan u nou getuig is met 'n strepie daar onder op die spoorlyn gemerk, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En die plek waar die ontploffing na bewering sou plaasgevind het, is op die hoër op spoorlyn effens skuins bokant hierdie merkie? -- Dit is korrek.

HOF : Op my terreinplan het ek ook maar 'n strepie daar getrek. Ek dink dit sal help - what plan is it?

... / MNR. PISTOR

MNR. PISTOR : Dit is die heel laaste een.

Eerstens, kan u vir ons 'n aanduiding gee, soos die kraai vlieg, direk, wat is die afstand min of meer tussen hierdie twee punte waar u die onontplofte plofstof gekry het en die plek waar die ontploffing plaasgevind het? -- Tussen 800 en 1,000 meter.

Kyk na die foto's asseblief, deel van BEWYSSTUK B, foto 57. Nee, ekskuus, laat ons eers gaan na die ander gedeelte van die foto's. Foto's 65, 66 en 67. Aan die hand van daardie foto's en aan die hand van die plan wat u daar voor u het, kan u vir ons sê wat u daar gevind het op daardie toneel waar die plofstof nie ontplof het nie? -- Tussen die - dit is die hoofspoor op in Soweto, op die regterkant nou van die foto het ek 'n ... (Mnr. Pistor kom tussenbei)

Na watter foto verwys u? -- Na foto 65. Tussen die twee bene tussen die spoorstawe het ek 'n hoeveelheid elektriese draad gekry, elk gekoppel aan agt elektriese - agt springdoppies waar dit weer oënskynlik gekoppel is aan 'n elektroniese tydskakelaar en 'n klein elektriese battery, 9 volt battery.

Die drade en die koppeling word aangedui op foto 65? -- Dit is korrek.

Kan u net vir ons op foto 65 aandui waar presies was die plofstof gewees? -- Aan die linkerkantste been ... (Mnr. Pistor kom tussenbei)

Is dit by die punte daar aangedui? -- D1 en D2 was onderskeidelik elk een blok van 400 gram TNT. Op punt D3 aan die hout dwarslêer was ook een blok 400 gram TNT. Op punt D4 aan die regterkantste spoorstaaf was ook een blok 400 gram TNT en dan was daar een blok - die draad was onder die spoor deurgetrek tot by die punt D5, was ook die laaste blok TNT, die vyfde blok.

... / Dit

Dit word meer duidelik uiteengesit op foto67, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Hoe was die TNT aan die spoorlyn vasgemaak? -- Die doppie was binne-in die TNT met maskeerband vasgedraai en die plofstof self was ook net teen die spoor geplaas.

Gaan maar aan. Wat het u nog daar gevind op daardie toneel? -- Op die plan sal u sien op die ballasklippe aan die regterkant langs die af-spoorlyn, het ek nog twee blokke TNT gekry, een blok 400 gram wat los gelê het en ook een blok - twee blokkies van 200 gram elk onderskeidelik wat ook met maskeerband aanmekaar gedraai was. Die plofstof was nie gekoppel nie. Dit was oortollig gewees. Dit was nie deel van die ander plofstof nie en dit is agtergelaat.

En dit word aangedui op foto 64? -- Ja.

Punte D op BEWYSSTUK B, die plan, toon die wyse aan waarop die plofstof gekoppel was? -- Dit is die posisies waarin hulle was.

Daar is een ekstra punt D. U het gesê daar was vyf koppelings. -- Dit is korrek. Aan die hoofspoor op aan die linkerbeen is daar drie D's. Daardie een in die middel is foutief. Dit is net die punt waar die battery - waar die draad onder deur die spoor gegaan het. Dit was nie plofstof nie. Dit is 'n tekenfout daardie.

U het gesê hierdie goed het nie ontplof nie, dit was gekoppel met 'n elektroniese tydskakelaar. Wat was die kragbron? -- 'n 9 volt elektriese battery.

Die TNT plofstof het u ook 'n foto van laat neem en u het dit vir ons uiteengesit op foto 71. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Miskien moet u net vir ons die elektroniese tydskakelaar verduidelik, hoe werk die tydskakelaar? Kyk na BEWYSSTUK 9. -- Dit is heeltemal 'n gesofistikeerde apparaat hierdie. Dit is

elektronies saamgevoeg met verskillende - nege verskillende elektrodes daar. Hy werk basies op die prinsiep dat jy het drie koppelpunte aan hom, nie die hoofkoppelpunt nie, maar jy kan jou tyd beheer. In die posisie so laat soos wat hy hier is, sal hy op vyftien minute detoneer. As jy nou langer tyd tot jou beskikking het, dan sny jy een van jou kontakpunte af en so gaan jy aan. Dan sal dit weer vir jou vyftien minute gee. 'n Tweede een sny jy af vir dertig minute en vir die laaste een, as jy almal afsny, het jy 'n tyd van een uur.

So, hy kan tot 'n een uur tydsvertraging meebring? -- Tot 'n uur.

En hy was dan nou met behulp van drade aan die kragbron, die battery gekoppel? -- Dit is korrek. Ons het vier drade aan hom gevind, 'n rooi draad en 'n swart draad wat onderskeidelik aan die positiewe en die negatiewe kant van die battery gekoppel was. Uit hom uit het hy dan 'n groen draadjie gehad en 'n rooi gespikkelde draad wat na jou toevoer gewees het, jou doppies, elektriese springdoppies.

HOF : Die een wat u gekry, hoe was hy gestel, vir hoeveel minute? -- Al sy punte was afgeknip. Hy was gestel vir 'n uur. Hy was veronderstel om op 'n uur af te gaan.

MNR. PISTOR : Toe u daar gekom het, dit is gemene saak, toe was dit nou al langer as 'n uur wat hy ontdek is. U weet nie hoekom hy nie afgegaan het nie? -- Ons kan nie met presiesheid bepaal nie.

En van daardie toneel het u dan vertrek na die toneel waar u gesê het ongeveer 800 na 1,000 meter verder aan waar die ontploffing wel plaasgevind het? -- Dit is korrek.

U het BEWYSSTUK C. Dit is 'n plan van daardie toneel.

HOF : Voor u daarby kom. Hierdie foto 71 is dit nou - ek wil net weet, hierdie is gevind, ek kan nie meer onthou nie,

... / is

is dit van die springstof wat daar by New Canada se wêreld gekry is of op 'n ander plek?

MNR. PISTOR : Nee, ek dink die getuie het getuig dat dit gevind is waar hy - by die toneel waaroor hy nou net getuig het? -- Dit is wat ek afgehaal het daar.

HOF : 71? -- Dit is korrek.

Wat is daardie skrif op die een? -- Dit is Russiese skrif.

Is hierdie dan, soos wat u kan aflei, van Russiese afkoms? -- Ja.

MNR. PISTOR : Aan die hand van daardie plan, BEWYSSTUK C, en aan die hand van die foto's 57, 58 en 59, kan u vir ons sê wat u daar gekry het by daardie toneel? -- Met my aankoms het ek tussen die twee hoofspore op en af, die twee middelste spoorlyne daar, by punt B 'n hoeveelheid elektriese draad gekry. Hulle was ook weer gekoppel aan elektriese springdoppies wat reeds gedetoneer het met die uitsondering van een. Daar was een lewendige doppie daar.

U verwys na punt B op die plan? -- Punt B op die plan. Dan het ek gevind dat daar by punt X2 ongeveer een en 'n half meter van die spoorstaaf - dit is nou die westelike kant van die spoorstaaf - weggeskiet was. Die been was totaal afgeskiet. Dan het ek gevind daar by punt X1, dit is ook weer die westelike kant van die spoorstaaf van die oplyn in Soweto in, was ook 'n detonasie wat plaasgevind het onder die spoorstaaf. Die ballasklippe was erg versteur deur en uitgeskiet, maar die spoorstaaf was net gering na boontoe gebuig. Hy was nie afgeskiet gewees nie.

HOF : Is dit genoeg om 'n trein te versteur? -- Daar by punt X1 nie, maar hier by X2 was dit ernstig gewees. Op die wal - die hele gebied hier is geleë binne-in 'n uitgrawing en bo-op die wal daar by punt A, daar bo-op die wal het ek 'n hoeveelheid

... / draad

draad, elektriese draad, gekry wat op die wal getrek was en dan het ek ook 'n skietkabel, 'n elektriese skietkabel gekry wat op die wal daar gelê het. Ek het 'n battery, 'n PP10 elektriese battery op die wal gekry daarso. Dan het ek hierdie drasakke gekry. Eers 'n papierdradsak wat daar onder 'n klip versteek was, dit was opgevou en onder 'n klip versteek. Toe ek dit oopgemaak het, het dit vir my voorgekom of daar van die plofstof kon in wees of kon in gewees het en ek het ook op Punt E op die plan,het ek 'n tweede drasak gekry, 'n papierdrasak. Dit het net los gelê daarso. Aan die binnekant was daar 'n rolletjie maskeerband gewees met die naam binnekant geskryf Jacob Monareng.

Dit is wat u daar gevind het? -- Dit is wat ek daar gevind het.

Gaan nou net na die foto's toe. Foto 57, dit is die punt X1 waarna u verwys het daar aangedui? -- Dit is korrek. Op die verste been sal u sien die ballasklippe wat daar uitgeskiet is onder die spoorstaaf.

X2 op foto's 58 en 59? -- X2 op foto's 58 en 59, dit is waar plofstof die spoor afgeskiet het. Dit is die hoof afspoor in die rigting van Johannesburg.

Kan u net vir ons kyk na foto 60. Is dit waar u ... -- Dit is waar ek die eerste papiersak gevind het waar hy versteek was daar onder 'n klip.

Kan u net kyk na die papiersak? -- Dit is die papiersak wat ek daar gevind het.

<u>BEWYSSTUK 13</u>. Dit is die papiersak waarna u verwys en wat u sê op foto 60 aangedui word? -- Dit is korrek.

Kyk na foto 61 asseblief. Dit is die battery waarvan u gepraat het? -- Dit is die battery wat op die toneel gevind is.

... / Dit

**Collection Number: AD2021**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials 1958-1982**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.